



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die sewende verslag vanjaar.

Politiek

- Die Midde-Oosterse probleme toon geen teken van enige verbetering in die nabye toekoms nie en sal dus van tyd tot tyd die finansiële en kommoditeitsmarkte beïnvloed.
- Die regerende party in Japan het die afgelope naweek die verkiesing vir die hoërhuis verloor en dit sal meebring dat besluite moeiliker deurgevoer kan word – ook wat betref rentekoersaanpassings.
- Die onrustigheid in Nigerië beïnvloed steeds die verskaffing van olie vanuit hierdie land en het die afgelope tyd veroorsaak dat Noordsee Brent ru-olie hoër as ander kwaliteite olies verhandel het.
- Die Zimbabwe ekonomie is steeds stilswyend besig om weg te sink. Solank daar nog iets oor is van die ekonomie sal die proses voortduur of totdat daar dalk eendag 'n politieke oplossing na vore tree – Vader Tyd het die geneigdheid om almal van ons in te haal, selfs al is ons vir altyd president van die land! Die belangrikste Zimbabwe uitvoerprodukt sal vir geruime tyd nog die verbruikers wees wat op die RSA winkels toesak. (Dit kan aanvaar word dat die toerismesyfers van die RSA vanjaar nuwe sterk toenames sal toon alhoewel baie van die toeriste ongelukkig informeel deur die Limpoporivier loop en dalk nie amptelik getel sal word nie.)
- Plaaslik is die onrustigheid in sommige swart woonbuurte steeds aan die gang en sal die politieke prosesse tot die einde van die jaar wanneer die nuwe – of huidige?- president van die regerende party verkies word, dopgehou moet word om te bepaal of dit enige uitwerking op die plaaslike finansiële markte sal hê.

Internasionaal

- In die afgelope week het die internasionale finansiële markte weens die bekommernis oor die eiendomsmark in die VSA geknik, maar hopelik nie geknak nie. Die VSA huismark is reeds sedert verlede jaar 'n bron van bekommernis. Tot dusver is die indruk deur onder andere die Federale Reserweraad geskep dat die probleme wat in die huismark ervaar word, nie die res van die ekonomie sal skaad nie. Die afgelope week se kommentaar deur die Fed het egter die bekommernis dat hierdie probleme na die res van die ekonomie kan uitkring wel laat toeneem. Dit het finansiële markte wêreldwyd skerp laat reageer.
- Die jongste gegewens dui steeds daarop dat die wêreld ekonomie vanjaar weer eens sterk sal groei weens die groei wat China, Indië en ander lande in die Verre-Ooste toon asook die versnelling van groei wat Euroland ervaar. Hierteenoor word verwag dat die VSA stadiger, maar steeds positiewe groei van sowat 2% sal hê. Tot dusver is groei ondersteun deur die voortgesette hoë vlak van likiditeit wat in die wêreld aanwesig is.
- Sentrale banke in die nywerheidslande is egter sensitief oor die moontlike verdere versnelling van inflasie weens sterk groei, toenames in lone en salarisse asook die voortgesette hoë energiepryse.



- Daarom word verwag dat VSA korttermynrentekoerse sywaarts sal beweeg tot die einde van die jaar indien die probleme in die huismark nie 'n krisis word nie. VK en Euroland korttermynrentekoerse sal voor die einde van die jaar van die huidige 5.75% en 4% wat tans onderskeidelik in die twee gebiede geld, verder styg. Japanse korttermynrentekoerse sal tot die einde van die jaar sywaarts beweeg. Chinese korttermynrentekoerse sal in die res van die jaar en in 2008 hoër neig. Dit word verwag dat langtermynrentekoerse dieselfde neiging as korttermynkoerse sal toon in die res van die jaar en in 2008. In die VSA het langtermynkoerse die afgelope tyd gedaal weens die groot vlug van kapitaal na die veiligheid van hierdie instrumente.
- Tans word algemene kommoditeitspryse ondersteun deur die sterk groei wat veral in die Verre-Ooste ervaar word, maar ook deur die spekulاسie wat in hierdie markte plaasvind. Indien Japanse rentekoerse styg, sal dit die hoeveelheid likiditeit in die wêreldmarkte beperk. Dit sal meebring dat spekulاسie in die kommoditeits- en finansiële markte van die wêreld beperk sal word en dat pryse van kommoditeite daal.
- Die goudprys is die afgelope tyd deur enige verswakking van die dollar, maar veral ook deur die hoë vlak van likiditeit in die wêreldmarkte ondersteun. Enige versterking van die dollar of enige inkorting van likiditeit sal die goudprys laat verswak. Ek is van mening dat beleggers steeds baie versigtig moet wees met beleggings in goud.
- Die olieprys word steeds deur die spanning in die Midde-Ooste en in Nigerië ondersteun. Die prys word ook ondersteun deur beleggers en spekulante. Verder word die prys ondersteun deur die aanduiding dat OPUL nie produksie wil verhoog nie om te voorkom dat voorrade opgebou word soos aan die einde van die Noordelike halfmond se somer in 2006. Die voortgesette sterk groei van die wêreld ekonomie en aanduidings dat die hoë olieprys die vraag daarna nie beperk nie, dra ook by tot die hoë pryse. Tans is daar ook bekommernis in die mark dat die sterk verbruik tans die voorrade vir verhittingsdoeleindes in die wintermaande onder druk kan plaas.

Plaaslik

- Plaaslike verbruik bly steeds sterk aan die gang nieteenstaande rentekoersverhogings sedert die middel van 2006. Private verbruik word ondersteun deur die sterk groei in die ekonomie wat tot verhoogde indiensname lei, groter persoonlike inkomstes tot gevolg het en wat verder styg weens die onlangse salarisverhogings. Die in werking treding van die kredietwet op 1 Junie sal heel moontlik tot 'n tydelike verlangsaming in die toestaan van krediet en private verbruik lei. Intussen kom die besteding van die openbare sektor op dreef en sal dit die groei in die ekonomie in die res van hierdie dekade ondersteun.
- Die voortgesette sterk besteding in die plaaslike ekonomie, sal meebring dat die tekorte op die handels- en lopenderekeninge van die betalingsbalans in die volgende vyf jaar op hoë vlakke sal bly. Solank die internasionale beleggers en spekulante voldoende likiditeit het en vertrou in die politieke en ekonomiese bestel het, sal die buitelandse fondse steeds die land binnevloei en die tekorte van die lopenderekening finansier. Die aanduidings is egter dat hierdie fondse steeds van 'n kort termyn aard sal wees en maklik die land kan uitvloei. Tans is die betalingsbalans onder beheer, maar die risiko's neem voortdurend toe. Dit sal die denke en optrede van die Reserwebank in komende maande bly beïnvloed.
- Die sentrale regering se finansies bly gesond en die verwagte surplus op die begroting sal dalk selfs groter word weens die besparing wat die regering op sy salarisrekening kan hê weens die staking in



Junie. Plaaslike owerhede se finansiële situasie bly bedroewend en kan tot verdere onrustigheid in plaaslike gemeeskappe lei. Daar is steeds geen oplossing in sig vir hierdie probleme in die afsienbare toekoms nie.

- Die aanduidings is dat inflasie gemeet volgens die VPI-X in die res van die jaar op vlakke hoër as die boonste mikpunt van die Reserwebank kan bly. Dit is weens die voortgesette sterk verbruiksbesteding, die sterk styging van voedselpryse, die hoë energiepryse en die sterk toename in salarisse en lone. Ek is steeds van mening dat inflasie in die res van die dekade op hoër vlakke sal bly as wat tans verwag word weens die hoë vlak van besteding wat in hierdie periode sal plaasvind.
- Indiensneming behoort te baat by die hoë vlak van besteding wat in die volgende vyf jaar beplan word. Werkloosheid sal egter op hoë vlakke bly – veral in die geval van ongeskooldes. Intussen word nie verwag dat die openbare sektor opleidingstelsel daarin sal slaag om die verlangde hoeveelheid geskikte geskooldes vir die behoeftes van die ekonomie daar te stel nie. Hierdie tekorte sal ook nie tans maklik vanuit die buiteland aangevul kan word nie en die koste verbonde aan hierdie tipe arbeid sal in die volgende paar jaar skerp styg. Intussen word ook nie verwag dat die vigs probleem regtig ernstige aandag van die owerheid sal kry nie.
- Gegewe die risiko's rondom die verwagte sterk besteding deur die openbare sektor wat nie deur die styging van rentekoerse geraak sal word nie, die verwagte betalingsbalans en inflasie tendense in die volgende vyf jaar, is die aanduiding dat kort- sowel as langtermynrentekoerse in hierdie periode sal styg.

Beleggingsomgewing

- Die probleme rondom die VSA huismark kan nog geruime tyd onsekerhede in die finansiële wêreld en veral die banksektor skep. Dit kan veroorsaak dat VSA rentekoerse eerder sywaarts as hoër sal neig vir 'n langer periode. Dit kan tot gevolg hê dat die dollar teenoor ander geldeenhede onder groter druk kan kom.
- Die dollar word tans ondermyn deur die aanvaarding dat ander nywerheidslande se rentekoerse vinniger as die van die VSA sal styg in die res van die jaar en vroeg in 2008. Dit bring mee dat die rentekoersgaping tussen die VSA en die VK vergroot terwyl dit met ander lande vernou.
- Die aandelebeurse het die afgelope week verswak weens die vrees dat die VSA huismarkkrisis die res van die ekonomie negatief sal beïnvloed en maatskappyresultate sal verswak. Die verswakking van VSA finansiële markte beïnvloed die res van die wêreld alhoewel die aanduiding is dat likiditeit in die wêreld steeds op 'n hoë vlak sal wees in komende maande omdat Japanse rentekoerse eerder sywaarts as hoër sal neig.
- Die onrustigheid op die internasionale finansiële markte het 'n negatiewe invloed op veral ontluikende markte. Die RSA met sy groot tekorte op die lopenderekening van die betalingsbalans en stygende inflasiekoerse, word veral deur sodanige sentimentsverandering geraak.
- Plaaslik is die aanduiding dat kort- sowel as langtermynrentekoerse in die res van die jaar verder kan styg.
- Die rand kan in die res van die jaar kwetsbaar wees teenoor die geldeenhede van die groot nywerheidslande weens die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans, die inflasiekoerse wat hoër kan neig asook die politieke onsekerhede wat kan voortvloei uit die verkiesing van die nuwe leier van die regerende party in Desember.



- Die plaaslike aandelebeurs behoort steeds ondersteun te word deur goeie maatskappyresultate weens die voortgesette sterk verbruiks- en investeringsbesteding wat in komende maande en jare sal plaasvind. Ongelukkig sal die plaaslike mark nie die winde van internasionale sentimentsverandering kan vryspring nie.

Ulrich Joubert
28 Julie 2007